

Sondag, 7 Maart 2021
Fokusteks: 1 Korintiërs 1:18-25

Daar was 'n klein dogtertjie wat elke dag 'n mooi blink kruisie aan 'n ketting om haar nek gedra het. Eendag sien 'n man die mooi hangertjie raak en sê: Hallo dogtertjie, het jy geweet dat die kruis waaraan Jesus gesterf het, glad nie so mooi en blink was soos die een wat jy om jou nek dra? Sy het geantwoord: Ja, ek weet, maar ek het by die Sondagskool geleer dat alles waaraan Jesus raak, verander Hy.

Die dogtertjie is heeltemal reg. Dit is in lyn met die Bybelse boodskap van die kruis. Die kruisdood van Jesus is 'n reddende en lewensveranderende krag. Maar vertel dit nou vir die Jode en Grieke in die tyd waarin Paulus as apostel optree. Dit maak doodgewoon net nie vir hulle sin nie. Nee wat, dis 'n belaglike boodskap. Die dood aan 'n kruishout is 'n teken van swakheid en mislukking. Hoe is dit moontlik dat 'n mens God kan soek en vind op so 'n manier? Tog is dit die hart van die evangelie - ons word gered deur die dood van Christus aan die kruis. Paulus verkondig Hom as die Gekruisigde!

Waarom was dit vir die Jode en Grieke 'n onsinnige boodskap?

Die Jode

Die Jode kon nie aanvaar dat Jesus se kruisdood die weg na God en verlossing van sondes is nie. Daar was twee redes hiervoor. Eerstens was dit, volgens hulle verstaan van die Skrif, nie moontlik dat iemand wie se lewe aan 'n houtpaal eindig hoegenaamd die Uitverkore en Gesalfde Een (Messias) van God kan wees nie. Nee, so 'n persoon word beskou as iemand wat deur die Here vervloek en onrein is. So staan dit tog duidelik in Deut.21:22-23

²²“Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, ²³mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie.”

Hierdie teks was vir hulle 'n finale bewys dat Jesus nie die ware Messias en Verlosser kon wees nie. Selfs al het hulle ook Jesaja 53 geken, waar die dienaar van die Here uitgebeeld word as 'n lydende dienskneg wat eendag almal se sonde sou dra. Die kruis was 'n vloekhout in die oë van die Joodse Skrifgeleerdes en Fariseërs. Verlossing sal nie daar plaasvind nie. Verlossing moet gesoek word in die nakoming van al die wette en voorskrifte. Maar ons weet uit die lees van hierdie brief aan die gemeente in Korinte dat hul godsdienstebeoefening die gevaar geloop het om 'n blote toepassing van reëls en regulasies te word. Die probleme met onderlinge verhoudinge en partyskappe in die gemeente bevestig maar net dat hulle nie beter mense kon word deur die wet nie.

Tweedens het die Jode tekens gesoek as bewys dat Jesus waarlik die Messias is. Dit is nogal ironies dat Jesus voor hul oë dikwels wonderwerke verrig het deur siekes te genees, duiwels uit te dryf en selfs mense uit die dood opgewek het. Dit was egter nie genoeg nie. Nee, die tekens waarna hulle soek is die tekens van politieke en kulturele bevryding van die Romeinse oorheersing. Hulle voorgeslagte het dit immers beleef. Moses word 'n kragtige instrument in die hand van die Here om Israel uit slawerny te bevry en die Farao op sy plek te sit. Sy opvolger, Josua, lei die volk in Kanaän in, en oorwin al hul vyande sodat hulle uiteindelik in vrede kan woon. Dit is die soort Messias wat hulle verwag. 'n Sterk, onverskrokke leier en oorwinnaar. Een wat gevrees word deur die nasies. Jesus het nie in daardie prentjie gepas nie. Hy word gebore in 'n agterlike dorpie en boonop in 'n stal van alle plekke. 'n Krip is sy lêplek. Sy gesinslewe was maar armoedig en sonder aansien. Hy gaan sit by die sondaars en eet saam met hulle. Hy soek nie aandag nie en verdwyn soms alleen na 'n stil plek. Dit lyk ook nie asof Hy enige besittings of rykdom gehad het nie, net die klere aan sy liggaam.

Van sy dissipels kom uit die onderste deel van die sosiale leer. En watter soort Meester was sy onderdane se voete? Uiteindelik eindig alles aan 'n houtpaal. Die Jode se moeilike omstandighede het niks verander nie. Die Romeine het steeds die politieke mag. Hoe is dit moontlik dat hierdie Jesus se kruisdood mense en dinge kan verander?

Die Grieke

Die idee dat verlossing en oorwinning deur die kruisdood van Jesus moontlik gemaak word, is in die wysheidsdenke van die Grieke eenvoudig 'n stuk dwaasheid. Ook hier is daar twee redes hoekom hulle so geredeneer het. Die eerste rede hou verband met hoe hulle oor 'n godheid gedink het. Een van die hoogste eienskappe van goddelikheid is naamlik, apatie. Dit beteken 'n onvermoë om enigsins emosie of medelye te betoon. Die redenasie was naamlik dat, as die mens 'n godheid kan beweeg tot bv. jammerte, hartseer, pyn of woede, het hy dit reggekry om invloed oor daardie godheid uit te oefen. Dan is die mens op daardie moment groter as die godheid. Die ideale godheid is dus een wat nie toelaat dat enigiets of enigiemand hom affekteer nie. Met ander woorde, Paulus se boodskap van God wat Homself oorgee aan 'n kruisdood ter wille van die sonde van die mensdom is 'n kontradiksie in terme. Die feit dat ons in Joh.1 lees dat die Woord mens geword het en onder ons kom woon het, maak nie sin binne die Griekse denke nie. Laat staan nog die feit dat Jesus by geleentheid 'n skare mense innig jammer gekry het. Of dat Hy gehuil het toe Hy verneem van sy vriend, Lasarus, se dood. Hoe kan hulle 'n boodskap glo van 'n God wat Hom by die mensdom ingelaat het en wat skynbaar as 'n verloorder gesterf het?

Tweedens het die Grieke die kuns beoefen om hul wysheid met welsprekendheid ten toon te stel. Glad met die tong en indrukwekkende redenasies. Woordkunstenaars, net soos die akrobate in 'n sirkus wat asemrowende toertjies doen. Hulle kon mense beïnvloed met hul lewensfilosofieë. Hoe meer kennis en geleerdheid, hoe meer gesag en bewondering kon hulle afdwing by diegene wat na hulle luister. Soos wat die Jode na God se guns gesoek het deur die nakoming van 'n komplekse stel godsdienstige wette en reëls, so het die Grieke na die hoogste goddelike gesag gesoek deur hul lewenswysheid. Maar God laat Hom nie so vind nie. God openbaar Homself aan dié wat soos kindertjies in Hom glo. Verlossing is nie afhanklik van menslike opvattinge en kennis nie, maar van die geloof in die kruis van Christus.

Paulus verdedig sy boodskap in 1 Kor.2:1-5. Hy nie gekom het met hoë woorde of groot geleerdheid nie. Hy is maar te goed bewus van sy eie swakheid. Wat hy verkondig rus nie op welsprekendheid nie, maar op die kragtige werking van die Gees. Die boodskap wat hy bring gaan nie oor homself nie, maar oor Jesus Christus, die Gekruisigde. In die oë van die Jode is dit onsin, en in die denke van die Grieke 'n stuk dwaasheid, maar wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter as die krag van mense.

Hierdie teksgedeelte is nie 'n aanval op die wetenskap en tegnologie nie. Ons weet dat, deur die ontwikkeling van tegnologie en nuwe kennis, daar geweldig baie waardevolle bydraes gelewer word vir die daaglikse bestaan van die mens. Daar is baie uitvindings wat die lewe net soveel beter en makliker gemaak het. Ons is bv. dankbaar vir kennis en ontwikkeling op mediese gebied, veral nou dat daar dringend gesoek word na geskikte entstowwe vir die Covid-virus. En dit is goed so. Ons moet die Here dank vir wyse en verstandige mense. Die skrywer van die boek, Prediker, het al hierdie kennis beproef. Hy het egter een ding agtergekom, dit het hom nie nader aan God gebring nie en hy het nog nie 'n antwoord vir die dood nie. Na alles wat hy in die lewe beproef het, voel dit asof alles tot niks kom. Sy gevolgtrekking is dat 'n toegewyde verhouding met God die belangrikste ding is waaroor 'n sinvolle lewe gaan. Net so is die vashou aan die kruisboodskap van Jesus die hoogste wysheid wat daar is.

In vers 19 haal Paulus Jesaja 29:14 aan wat aankondig dat God teen alle verwagting Jerusalem uit die hande van die Assiriërs sou verlos. Juda het egter geweier om na die wysheid van God se profete te luister. Hulle

beplan toe hulle eie ontsnapping deur 'n alliansie met Egipte te sluit. Hulle eie plan het egter nie gewerk nie... Die Korintiërs wat die Ou Testament geken het, moes nou ook begryp het dat almal wat hulle op grond van menslike wysheid of verstand verhef, deur God beskaam en kragteloos gemaak sal word.

Kinders van die Here word geroep om vreugde en vrede te vind in die boodskap van die kruis. Dit is hierdie boodskap wat ons lewens verander. Dit verander mense se lewens en moeilike situasies. Dit laat ons na die wêreld kyk op 'n nuwe manier. As ons die nuus gereeld volg sal ons besef dit gaan nie so goed met die mensdom en die aarde nie. Daarom is dit soveel te meer nodig om die boodskap van die kruis as 'n boodskap van hoop uit te leef. Miskien kan ons die voorbeeld volg van die dogtertjie met die hangertjie van die blink kruisie om haar nek: *alles waaraan Jesus raak, verander Hy.*

Gebed (Lied 265)

Enigste Here, enkele Wese,
ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:
U is vir ewig God en Heer.

U, onbegryplik, U is onsienlik,
altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig,
U is die bron van alle goed.